

VGK MALMESBURY GESINSDIENS, 19 APRIL 2020

RAAK BEWUS VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID

- Vandag is die Tweede Sondag in Paastyd. Die opstanding van Jesus sê dat God 'n wonderlike plan vir ons lewe het. Ons moet daarna streef om al hoe meer soos Jesus te leef en Hom aan die wêreldbekend stel met ons hele lewe.
- Plaas 'n stoel in die ruimte waarbinne julle byeenkom. Dit is 'n herinnering dat God saam met julle byeenkom en altyd by julle teenwoordig is.
- Een van julle kan die byeenkoms begin deur die Apostoliese Geloofsbelydenis hardop te lees, terwyl die res daarna luister.

RAAK BEWUS VAN WAT JULLE VOEL EN DINK

- Sonder Jesus se opstanding sou ons geloof nie vir ons baie beteken het nie – daar sou heelwaarskynlik nie eens 'n Christelike geloof gewees het nie!
- Gesels 'n bietjie met mekaar oor wat die opstanding van Jesus vir julle beteken en watter impak dit op julle lewe het.

ONS AANBID

- Julle kan gesang 123 sing of na 'n lied luister.

ONS LEES DIE WOORD

- Twee persone kan nou voortgaan (indien moontlik, 'n man-stem en 'n vroue-stem) om **Jakobus 2:14-26** hardop te lees. Daarna kan elkeen die teks vir 'n derde keer op sy/haar eie lees.
- Omkring, onderstreep of skryf enige iets neer wat by jou opkom of uitstaan uit die teksgedeelte. Deel dit dan met mekaar in die groep of twee-twee. (**Maak asb seker dat julle die gedagtes en opinies van ons kinders en jongmense ook hoor!**)

OORDENKING

Ons bely dat ons in Jesus Christus glo, maar is dit al wat 'n Christen moet doen? Is dit waar ons geloof stop? Nie volgens Jakobus nie!

In die gemeentes aan wie Jakobus sy brief skryf was daar 'n groot probleem: mense was by die gesig

gekyk, soos ons sal sê! Die rykes in die gemeente is met respek hanteer en het spesiale sitplekke gehad, terwyl die armes met minagtig en as laer klas mense behandel is. Die rykes het geweet dat baie van hulle broers en susters nie kos of klere het nie, maar al wat hulle gesê het is: ai, ons hoop dit gaan more beter met julle. Dis al!

Hieroor is Jakobus baie ongelukkig en hy draai nie doekies om nie. Hy het nie 'n probleem met mense wat ryk is en trek ook nie arm mense voor nie. Hy sê ook glad nie dat ryk mense verkeerd is en dat arm mense goed is nie. Hy is eerder ongelukkig oor die feit dat hulle in Jesus glo, maar nie na mekaar omsien nie en goeie daade aan mekaar bewys nie.

Jakobus sê nie hulle moet goed doen om gered te word nie, nee, hy sê omdat julle gered is en in Jesus glo, moet julle doen wat Jesus doen – gee om vir mekaar want Jesus het so gesê.

Geloof stop nie by die belydenis dat jy in Jesus glo nie, want woorde is goedkoop. Geloof in Jesus word omgesit in 'n lewe vir Jesus. Jy kan nie 'n Christen wees, en nie vir Jesus volg nie! **“Christianity without discipleship, is a Christianity without Christ!”**

Die opstanding van Jesus vra en nooi ons uit om nie net in Jesus te glo nie, maar om ook vir Hom te leef.

AMEN

ONS DOEN DIE WOORD

- Gee nou vir elkeen 'n geleentheid om 'n bietjie te dink oor wat in hom/haar lewe nie altyd wys dat hy/sy vir Jesus volg nie. Onthou, die Here veroordeel ons nie! Sy Gees wys vir ons sekere dinge nie om vir ons te sê dat ons sleg is nie, maar sodat ons al hoe meer soos Jesus kan word!

ONS BID VIR MEKAAR

Julle kan nou vir mekaar bid en vra dat die Here julle moet help om Hom in woord en daad te dien.

AFSLUITING

Sluit vandag se sessie gesamentlik af deur die Apostoliese Geloofsbelydenis hardop te bely.

-AMEN-